Sing vooraf staande: Psalm 119:13, 14 (p. 589)

13 Wees my goed na u belofte, / dat ek smaders tot hul spyt
reg kan antwoord op hul smading / wat my Godsvrees my verwyt.
Neem u woord nie uit my mond nie, / waar my hoop is op gebou.
Dan getuig ek van u waarheid / wat ek graag wil onderhou.

14 Dan sal 'k wandel in die ruimte, / want ek wandel in u spoor.
Selfs voor konings spreek ek daarvan / en ek skaam my nooit daaroor.
Aan u wet, my hoogste vreugde, / is my liefde toegewy:
daaraan dink ek, daarna soek ek, / daarin, HEER, verdiep ek my.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 149:1, 2 (p. 715)

1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunstelinge!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!

2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Gebed

Psalm 116:1, 5 (p. 569)

1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

5 U het my siel weer van die dood bevry; / in droefenis droog U, o Heer, my trane;
U lei my voet langs nuwe lewensbane, / om in u lig te wandel, lewensbly.

Skriflesing: Johannes 15:1-8; Heidelbergse Kategismus, Sondag 32

Kernvers: Johannes 15:5, 8
Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.
My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is. (Johannes 15:5, 8 AFR1983)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 86: Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?

Antwoord: Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade (a) en Hy deur ons geprys word (b). Verder, sodat ons vir onsself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry (c) en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen (d). *(a) Rom 6:13; Rom 12:1, 2; 1 Pet 2:5, 9; 1 Kor 6:20. (b) Matt 5:16; 1 Pet 2:12. (c) 2 Pet 1:10; Matt 7:17; Gal 5:6, 22. (d) 1 Pet 3:1, 2; Rom 14:19*

Vraag 87: Kan dié mense dan nie salig word wat in hulle goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie?

Antwoord: Nee, glad nie. Want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodsdienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower en sulkes die koninkryk van God sal beërwe nie (a). *(a) 1 Kor 6:9, 10; Efes 5:5, 6; 1 Joh 3:14.*

Tema: Goeie werke is die logiese noodsaaklikheid van verlossing

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer ons met Sondag 32 begin, begin ons met die hoofstuk in ons Kategismus wat handel oor ons dankbaarheid. Maar kom ons bekyk hierdie vraag eers mooi.

Wanneer ons die eintlike vraag hier uithaal, kry ons eers met ’n stelling te doen wat soos volg lees: **Ons is tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos**. Na hierdie stelling volg dan die eintlike vraag: **Waarom moet ons dan nog goeie werke doen?**

In hierdie stelling, wat ons uit vraag 86 uitgehaal het, sien ons ’n baie mooi Gereformeerde belydenis en dit is ook twee van die vyf beginsels van die Reformasie: **Solus Christus** (Christus alleen) en **Sola Gratia** (slegs genade). Wanneer ons sê **Solus Christus** sê ons: Alleen deur die kruisdood en opstanding van Jesus Christus kry ons verlossing. Niks wat ons doen kan bydra tot ons verlossing nie. En met die woorde **Sola Gratia** sê ons: Niks wat ons doen, verdien enige guns of gawe vir ons by God nie – beslis nie verlossing nie. Omdat God mense liefhet, begenadig Hy sy kinders en verlos hulle.

Met hierdie belydenis stem almal van ons heelhartig saam. Omdat hierdie belydenis van ons waar is, volg die vraag dan: As ons dan alleen deur Christus uit genade gered is, hoekom moet ons goeie werke doen? Die vraag veronderstel dat goeie werke tog nog nodig is – daar staan geskryf: **waarom *moet* ons dan nog goeie werke doen** – alhoewel die goeie werke niks bydra tot die verlossing nie. Wat kan ons nog met ons goeie werke bereik, as dit nie deel van ons verlossing kan uitmaak nie?

Geliefdes, dit is noodsaaklik dat ons hierdie vraag beantwoord. Die Roomse Kerk het die Gereformeerdes toentertyd al daarvan beskuldig dat ons verstaan van verlossing mense onverskillig en roekeloos maak. Die Roomse Kerk het geoordeel dat die Gereformeerdes die *noodsaaklikheid* van goeie werke ignoreer, as ons sê dat ons net deur Christus alleen verlos word. Daarom plaas die Rooms-Katolieke Kerk goeie werke by die verlossing en nie by die dankbaarheid nie, sodat gelowiges kan besef hoe noodsaaklik goeie werke is.

Deur middel van vraag 86 vestig die Heilige Gees vanaand ons aandag op hoe noodsaaklik goeie werke is en watter betekenis ons goeie werke het.

Dit is waar, Christus het ons volledig van al ons sonde en ellende verlos. Met sy bloed het Hy ons losgekoop van die mag van die sonde en die duiwel en so met God versoen. En hieraan hou ons styf vas, want daar is geen ander manier waarop ons verlos kan word nie. Maar Christus het ons nie net verlos nie, Hy verander ons ook geheel en al van binne af. Hy vernuwe ons deur sy Heilige Gees tot die beeld van God. In ander woorde gesê: deur sy bloedstorting het Hy gesorg dat ons regverdig verklaar word deur God. *Regverdig verklaar* beteken om onskuldig verklaar te word. Daar het sy werk egter nie opgehou nie, want Hy maak ons ook heilig. En dit doen Hy deur die werk van die Heilige Gees binne-in ons.

Die resultaat van hierdie heiligende en vernuwende werk van die Heilige Gees is dat ons onder andere goeie werke begin doen. Daarmee erken ons dat ons goeie werke ten diepste van Christus afkomstig is. Ons gelowiges begin nie sommer vanself goeie werke doen net omdat Christus ons verlos het nie. As ons vanself goeie werke sou kon doen, sou ons ongetwyfeld hoogmoedig geword het. Ons sou dan kon sê dat ons goeie werke ’n teenprestasie of ’n terugbetaling is vir dit wat Christus vir ons gedoen het, en die uiteinde van hierdie rigting is dat mense dink dat hulle eintlik nie meer vir Christus nodig het vir hulle verlossing nie. Nee, dit is Christus wat ons deur die Heilige Gees dankbaar maak vir sy verlossing en ons daarom ook gewillig en bereid maak om goeie werke te doen.

Hierdie feit maak Christus duidelik aan ons wanneer Hy sê: **Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie**. As die wingerdstok nie die lewensap in die lote in opstoot nie, is dit vir die lote onmoontlik om te groei en vrugte te dra. Maar juis omdat ons die lote is wat op die ware wingerdstok ingeplant is, kan ons nie anders nie as om vrugte te dra. Omdat die Heilige Gees ons in Christus ingelyf het, kan ons nie anders nie as om goeie werke uit dankbaarheid te doen.

Dit wil sê, die goeie werke wat ons doen, is inderwaarheid ’n gawe van God deur Christus en die Heilige Gees aan ons. Maar wat God aan ons gee, eis Hy ook van ons terug. Hy eis dat ons goeie werke sal doen. Omdat die Heilige Gees ons nuut en heilig maak en gewillig en bereid maak om goeie werke te doen, kom ons onder ’n verpligting. Ons het nou die verantwoordelikheid om goeie werke te doen.

Wie slegte werke doen of net geen goeie werke doen nie, is nie ’n verloste kind van God nie. Hoe kan ’n loot op die ware wingerdstok ingeplant wees maar nooit groei en nooit vrugte dra nie? Dit is mos geheel en al onmoontlik. En ’n loot wat nie vrugte dra nie, word deur die hemelse Landbouer afgesny en in die vuur gegooi. Daarom bely ons uitdruklik: **geen onkuise mens, afgodsdienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower of sulke mense sal in die koninkryk van God kom nie**. Want waar daar nooit goeie werke is nie, nooit vrugte van dankbaarheid nie, is daar ook geen gemeenskap met Christus as die ware wingerdstok nie.

Beteken dit dan nou dat omdat ek my eenmaal skuldig gemaak het aan ’n egskeiding, of een keer dronk was, of een keer watter sonde ook al gepleeg het, dat ek nou verlore is? Beslis nie, my liewe broer en suster. In vraag 87 word daar gepraat van **dié mense wat in hulle goddelose en ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie**. By sulke mense sien jy geen goeie werke raak nie. Wie egter uit dankbaarheid goeie werke doen maar soms uit swakheid in sondes val, van harte berou het daaroor en hulle grondig bekeer, kan daarvan seker wees dat hulle ook deel het aan die koninkryk van God.

Is goeie werke noodsaaklik? Ja, want ons is in Christus ingelyf en kan nie anders nie as om goeie werke te doen. Verder dien die goeie werke ook as bewys dat ons ’n lewende verhouding met Christus het en dit bring ons by die betekenis van ons goeie werke. Ons bely dat goeie werke eintlik drie betekenisse het, naamlik **om ons dankbaarheid teenoor God te toon, om sekerheid van ons geloof te verkry, en om ons naaste vir Christus te wen**.

Dit is uiters noodsaaklik dat ons dankie sê vir die verlossing wat God aan ons geskenk het. Ons verlossing uit die mag van die sonde en die duiwel is deur en deur ons Drie-enige God se werk. Die Vader het sy enigste Seun gestuur om mens te word. Jesus Christus het uit liefde vir die Vader die hele pad van vernedering tot in die dood aan die kruis geloop om ons sondeskuld te betaal. En die Heilige Gees maak Christus se verlos-singswerk ons eiendom deur die geloof. Nou kan ons nie anders nie as om dankbaar te wees. En ons wys ons dankbaarheid deur die goeie werke wat ons doen. Wie dankbaar is vir die verlossing deur Christus moet goeie werke doen, hy kan nie anders nie. Wie egter geen goeie werke doen nie, staan vreemd teenoor die verlossing deur Christus.

Geliefdes, as Christus sy Koningskap in ’n mens se lewe vestig, volg die goeie werke spontaan. Ons sien dit in die lewe van Saggeus. Toe Jesus Homself in Saggeus se lewe gevestig het, het Saggeus spontaan sy sondige dade laat staan, sy verkeerde optredes reggestel en goeie werke begin doen. Die lote wat op die wingerdstok groei, dra spontaan vrugte. Hulle word nie gedwing nie. Wie waarlik dankbaar is vir die verlossing deur Christus hoef nie soos ’n slaaf gedwing te word om goeie werke te doen nie, hy doen dit spontaan.

Ons bely verder dat ons goeie werke doen **sodat ons vir onsself sekerheid van ons geloof kan kry**. Dit beteken dat ons uit die goeie werke wat ons doen, kan sien dat ons regtig kinders van God is. ’n Mens kan tog sien dat ’n loot regtig op die wingerdstok groei, want daar is vrugte aan die loot.

Geloof dra vrugte en aan die vrugte word die geloof geken. Iemand wat geen vrugte van bekering en dankbaarheid dra nie, kan nie beweer dat hy op die ware wingerdstok ingeplant is nie. Iemand wat sê hy is ’n Christen, maar hy lewe nie soos ’n Christen nie, lieg. Hoe kan iemand wat volhard in sy slegte werke sê dat hy ’n lewende verhouding met Christus het?

Maar die mens wat – al is dit in swakheid – tog die goeie doen, wat die liefde vir die wêreld afsterf en die sonde haat, wat God se Woord lees en daarna luister, wat God dien in woord en daad en sy naaste help en bystaan met liefde, toon baie duidelik dat hy werklik ’n gelowige is. Al hierdie dinge is vrugte van die geloof, want geen mens doen hierdie dinge uit sy eie nie. En omdat hierdie vrugte gesien kan word, het so ’n mens die bewys dat hy werklik een van God se kinders is. En wie hoe langer hoe meer vir Christus en sy verlossingswerk in geloof en liefde omhels, dra hoe langer hoe meer ook meer vrugte. **Wie in My bly**, sê Christus, **en Ek in hom, dra baie vrugte**.

Geliefde broer, suster en kind, as jy hierdie goeie werke in jou lewe opmerk, dank God daarvoor, want Hy bewerkstellig dit in jou deur sy Heilige Gees. En weet vir seker, omdat hierdie vrugte in jou lewe sigbaar is, is jy een van God se uitverkore kinders.

Die gelowige wat goeie werke doen, is nie al mens wat die goeie werke raaksien nie. Ook die mense rondom ons sal die goeie werke raaksien. Baie mense wat hierdie goeie werke sien, sal daarmee die spot dryf. Onthou ’n bietjie wat het gebeur toe die eerste gelowiges in al die verskillende tale van destyds begin preek het met die uitstorting van die Heilige Gees. Party van die Jode het gesê Petrus-hulle is vol soet wyn. Maar vir baie ander mense sal die goeie werke soos ’n magneet wees. Hulle sal nader getrek word, nie om bloot by ons gelowiges te wees nie, maar veral om aan Christus en ons Vader die eer te bring.

Daarom bely ons **dat ons naaste deur ons godvresende lewe vir Christus gewen word**. ’n Godvresende lewe is ’n lewe waarin die goeie werke volgens God se wil sigbaar is. En nou, afgesien van al die ander faktore wat mense nie na Christus toe laat kom nie, moet ons tog vir onsself afvra: trek ons nog mense na Christus toe aan of stoot ons hulle eerder van Christus af weg.

Ons weet almal hoe ’n magneet werk. ’n Magneet het ’n noord- en ’n suidpool. Bring ’n mens twee magnete met hulle noord- en suidpole onderskeidelik na mekaar toe, sal hulle teen mekaar vasgetrek word. Bring ’n mens egter die noord- of die suidpole van die twee magnete na mekaar toe, sal hulle mekaar afstoot. En jy kan probeer so hard as wat jy wil, jy sal hulle nie teen mekaar vasgedruk kry nie.

Hierdie selfde beeld sien ons tussen mense raak. Gelowiges wat goeie werke doen, dit wil sê, anders as die sondige wêreld leef, sal ’n ongelowige na Christus toe aantrek. Maar ’n gelowige wat nie goeie werke doen nie of slegte werke doen, sal nooit in der ewigheid ’n ongelowige na Christus toe kan aantrek nie al probeer hy hoe hard om dit te doen. So ’n mens sal altyd sy naaste van Christus af wegstoot.

Geliefdes, dit is nie net God wat eis dat ons gelowiges goeie werke moet doen nie. Ook die ongelowiges verwag dat ’n Christen ’n ander soort lewe sal lei as die mense wat Christus nie ken nie – en tereg ook so. Daarom moet ons erns maak met die Heilige Gees se opdrag in 1 Petrus 2:12: **Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening**.

Ons sien dus dat ons goeie werke uiteindelik betekenis daarin vind dat God verheerlik word. Daarom sê Christus ook: **My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is**. Laat ons daarom, ondanks ons eie swakheid en te midde van die gespot van die wêreldlinge, aanhou om goeie werke te doen en so ons Vader verheerlik.

Amen!

Slotgebed

Bevestiging van diakens

Psalm 134:4 (p. 653)

4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Psalm 116:4, 7, 10 (p. 570)

4 Eenvoudiges wil God steeds gadeslaan. / 'k Was uitgeteerd, maar Hy is vol ontferming.
Soek dan, my siel, jou rus in sy beskerming, / Hy 't jou verlos en aan jou welgedaan.

7 Wat kan 'k die Heer vir al sy guns vergeld? / Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade / en by die kelk van heil sy Naam vermeld.

10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
25 September 2011